

Ariane Kleinhans, heir saam met haar sani2c mede wenner Lourens Luus, is Erik se nominasie vir 'n top resultaat.



FULL STOP COMMUNICATIONS

“EK TWYFEL OF IEMAND GAAN OMGEE AS EK MY HAND IN DIE LUG STEEK EN VIR ARIANE, ONS SWITSERSE AANGENOME SUID-AFRIKANER NOMINEER VIR 'N TOP RESULTAAT IN PIETERMARITZBURG”

maande vir die skouer om te herstel, of opereer en is terug op die fiets in vier weke. Vir 'n professionele atleet was die antwoord maklik, en te danke aans kouerspesialis, dokter William Haynes, het ek nuwe kunsmatige ligamente, wat die deur ten minste oophou vir deelname in Pietermaritzburg aan die einde van Junie!

En verskoon asseblief my eensydigheid as ek kyk na die vrouefdeling, maar ek twyfel of iemand gaan omgee as ek my hand in die lug steek en vir Ariane, ons Switserse aangenome Suid-Afrikaner nomineer vir 'n top resultaat na die ongelooflike seisoen wat sy tans agter die blad het! **FS**

WÊRELDKAMPIOENSKAP by die huis

Soos al die XCO-ryers in Suid-Afrika vir jou sal sê, skryf **Erik Kleinhans**, dit is ongelooflik spesiaal om te kompeteer in 'n groot internasionale kompetisie op ons tuisgrond. En deur net na die televisieblootstelling te kyk kan mens vinnig sien presies wat hulle bedoel!

Maar dit is net die XCO en Downhill-ryers en hulle word elke jaar bederf met die UCI World Cup wedrenne wat in Pietermaritzburg plaasvind asook die Wêreldkampioenskappe in 2013. As XCM-ryers moes ons baie geduldig wag vir ons beurt, en op 29 Junie word 'n droom bewaarheid vir my en my RECM- spanmaats met die UCI Marathon Wêreldkampioenskap wat plaasvind in Pietermaritzburg.

Dis ook nie net so maklik as om vinnig 'n inskryfkaart in te vul en op die wegspring te gaan staan soos met die meeste wedrenne op die SA-kalender nie. Vir die Wêreldkampioenskap moet jy 'n top twintig resultaat kry in een van die UCI se Internasionale Marathon Series wedrenne of jy moet een van die handjie vol ryers wees wat vir jou land se Nasionale span gekies word, en almal weet hoe sterk die kompetisie is in die XCM kringe in ons land!

Met wedrenne soos die Absa Cape Epic en die MTN Marathon Series in ons land, is dit glad nie meer iets nuut om top internasionale ryers in SA te sien

deelneem nie, maar die feit dat hulle jaar-na-jaar terugkom forseer nie net die plaaslike ryers om konstant ons vlak te lig om meer kompeteerend te wees nie, maar gee ons ook 'n goeie indikasie van waar ons vlak is in vergelyking tot hulle, veral met die Wêreldkampioenskappe in SA die jaar.

Die Absa Cape Epic is seker die grootste voorbeeld met die meeste van die wêreld se voorste XCO- en XCM-ryers wat neerdaal op ons oewers om deel te neem aan die skouspel elke jaar. Ek en RECM spanmaat Nico Bell het agtste algeheel geëindig alhoewel ons ook 'n ondersteuningshand moes neerlê vir huidige wêreldkampioen, Christoph Sauser en Frantisek Rabon wat algeheel tweede geëindig het na Robert Mennen en Kristian Hynek.

Dan is daar natuurlik wedrenne soos die Attakwas en die MTN Nasionale Marathon Series waarvan Sabie en Clarens deel is van die UCI Internasionale Series. Nico het vir Karl Platt geklop in Clarens terwyl ek by Attakwas en Tulbagh, net voor die Cape Epic, geveg het vir 'n podium teen hierdie sterre.

Ongelukkig het my voorbereiding

'n taamlike knou gekry by die onlangse Nedbank sani2c. waar ek op die tweede dag, op die laaste afdaand 'n skrale 3-kilometer van die einde, hard met die aarde kennis gemaak het. Ek het dadelik gewete daar is skade en X-strale het dit bevestig, 'n graad vyf skeur, die ergste wat mens kry, van die ligamente wat my sleutelbeen aan my skouer heg. (74, 73 en 72 in die diagram.)

Daar was 'n keuse, wag vir vier



Erik het 'n 'n graad vyf skeur, die ergste wat mens kry, van die ligamente wat die sleutelbeen aan sy skouer heg (74, 73 en 72 in die diagram) opgedoen in die botsing.



Scan to see Erik's fall in motion!